**Tel**: 012 548 1245
Joycelaan 150, Magalieskruin,
Posbus 157, Montana, 0151
**Webadres**: www.magalieskruin.com
**Facebook:** Magalieskruin Gemeente - Algemeen
**E-pos**: finansies@magalieskruin.com

# PRIVAATHEIDSBELEID – NG KERK MAGALIESKRUIN

## ALGEMEEN

Hierdie privaatheidsbeleid het ten doel om enige besoekers en gebruikers van die webtuiste www.magalieskruin.com in te lig rakende die NG Kerk Magalieskruin se beleid oor die insameling, gebruik en openbaarmaking van persoonlike data soos versamel wanneer u van die webtuiste gebruik maak en enige besluite wat met daardie data gepaard gaan.

Hierdie privaatheidsbeleid verwys na al die platforms van die NG Kerk Magalieskruin se webwerwe, sosialemediarekeninge, en / of enige ander tegnologiese of meganismes wat u mag gebruik om met ons in te skakel. ''Dienste'' verwys na enige inhoud (op die webwerf of elders) wat deur die NG Kerk Magalieskruin aangebied, besit, bedryf of gehuisves word.

Die NG Kerk Magalieskruin behou die reg voor om enige tyd die bepalings en voorwaardes van hierdie privaatheidsbeleid te wysig. Dit is die verantwoordelikheid van die gebruiker om elke keer die wysigings na te gaan. Volgehoue gebruik van die webwerf nadat veranderinge aanlyn versend is, bevestig aanvaarding van hierdie beleid soos gewysig deur sodanige veranderinge.

Enige persoon, besigheid of entiteit word uitdruklik verbied om ongemagtigde toegang te verkry of te poog om ongemagtigde toegang te verkry tot enige blad op hierdie webtuiste, of om enige ongemagtigde, beskadigende of kwaadwillige kode op hierdie webtuiste aan te bring of om te poog om dit aan te bring.

Enige persoon wat enige ongemagtigde, beskadigende of kwaadwillige kode op hierdie webtuiste aanbring of probeer aanbring of poog om ongemagtigde toegang tot enige blad op hierdie webtuiste te verkry, sal krimineel aanspreeklik gehou kan word en indien NG Kerk Magalieskruin enige skade of verlies gely het, sal sivielregtelike aanspreeklikheid opgedoen kan word.

## PERSOONLIKE INLIGTING

Oor die algemeen kan NG Kerk Magalieskruin se webruimtes besoek word sonder om enige persoonlike inligting te openbaar. In sekere gevalle mag inligting egter verlang word. Die gebruiker mag kies om persoonlike inligting te gee, byvoorbeeld naam en adres of e-pos adres wat die kerk nodig mag hê om te korrespondeer. Geen persoonlike inligting sal openbaar gemaak word aan derde partye sonder die gebruiker se toestemming of deur middel van die behoorlike prosedure nie.

## INLIGTINGSEKURITEIT EN KWALITEIT

Ons poog om die kwaliteit en integriteit van identifiseerbare persoonlike inligting te beskerm. Ons het die toepaslike tegniese en organisatoriese maatreëls geïmplementeer om inligting veilig, akkuraat, op datum

en volledig te help hou. Ons kan egter nie die sekuriteit van enige inligting wat intyds na ons versend word waarborg nie. Dit word op eie risiko gedoen.

**INLIGTINGVERSAMELING**

Om die webruimte te monitor en te verbeter, versamel ons ook sekere inligting oor die gebruiker en hoe die gebruiker die webruimte gebruik, insluitende besonderhede van rekenaar-beheerstelsel, die weergawe van die webleser, domeinnaam en IP-adres (die IP-adres is 'n string nommers wat ons wys watter bediener gebruik word, maar nie identifiseer nie).

**GEBRUIK VAN INLIGTING**

NG Kerk Magalieskruin is daartoe verbind om inligting vertroulik te hou. Die kerk sal dit gebruik om die gebruiker se besoek te verpersoonlik en direk te kommunikeer.

**DEEL VAN INLIGTING**

NG Kerk Magalieskruin verkoop, huur of verhandel nie persoonlike besonderhede aan enige derde party nie.

**VERSAMELING VAN INLIGTING DEUR ANDER PARTYE**

Sekere adverteerders en webruimtes wat skakels op ons webruimte het, mag persoonlike inligting oor die gebruiker versamel wanneer die skakels gebruik word. NG Kerk Magalieskruin beheer geensins die versameling van sulke inligting nie. Dié privaatheidsbeleid sluit nié die adverteerders en hul webruimtes in nie.

**KOPPELING EN RAAMKOPIëRING**

Enige persoon, besigheid, entiteit of webwerf word uitdruklik verbied om met enige blad van hierdie webwerf, insluitende die tuisblad, te koppel sonder vooraf skriftelike goedkeuring van NG Kerk Magalieskruin.

Enige persoon, besigheid, entiteit of webwerf word uitdruklik verbied om enige bladraam van hierdie webwerf, insluitende die tuisblad, op enige manier te kopieër sonder vooraf skriftelike goedkeuring van NG Kerk Magalieskruin.

**RISIKO EN BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID**

Die gebruiker gebruik hierdie webwerf en die inligting daarin geheel en al op eie risiko en die gebruiker aanvaar volle verantwoordelikheid en risiko van verlies wat uit die gebruik daarvan voortspruit. Nóg NG Kerk Magalieskruin, sy affiliasies, of hulle aandeelhouers, agente, konsultante of werknemers sal aanspreeklik wees vir enige skade hoegenaamd, insluitend, sonder beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige, gevolglike of bestraffende skadevergoeding, hetsy in 'n aksie voortspruitend uit kontrak, wet, onregmatige daad of andersins, rakende die gebruik van, of onvermoë om hierdie webwerf of die inligting daarin vervat, te gebruik.

Hoewel alle redelike stappe gedoen is om die akkuraatheid en veiligheid van die NG Kerk Magalieskruin webwerf te verseker, word die produkte en dienste wat op hierdie webwerf geadverteer word op die gebruiker se eie risiko gebruik. Die gebruiker aanvaar volle verantwoordelikheid en risiko van enige besering, skade of verlies wat uit die gebruik daarvan voortspruit. NG Kerk Magalieskruin sal nie aanspreeklik wees vir enige persoonlike of fisiese skade of verlies, hoe ookal veroorsaak, hetsy direk of indirek, voortspruitend uit die gebruik van die webwerf nie.

**VRYWARING**

NG Kerk Magalieskruin waarborg nie dat die webwerf of inligting foutloos sal wees of aan enige spesifieke kriteria vir verrigting of gehalte sal voldoen nie. NG Kerk Magalieskruin ontken uitdruklik alle geïmpliseerde waarborge, insluitend, sonder beperkings, waarborge van verhandelbaarheid, titel, geskiktheid vir 'n spesifieke doel, nie-skending, aanpasbaarheid en akkuraatheid; en hoewel redelike voorsorg getref het om die integriteit van hierdie webwerf en sy inhoud te verseker, word geen waarborg verskaf, hetsy uitdruklik of geïmpliseer, dat enige lêers, afladings of toepassings beskikbaar *via* hierdie webwerf vry is van virusse, trojane, bomme, tydgrense of enige ander data of kode wat die vermoë het om die werking van die gebruiker se stelsel te korrupteer, beskadig of aan te tas.

**WEBMEESTER**

(Opgestel Junie 2024)